

AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Lees die vrae noukeurig deur.
 3. **AL DRIE VRAE IS VERPLIGTEND.**
 4. Krediet word gegee vir:
 - interpretasie
 - verduideliking
 - bewys van persoonlike waarnemings waar dit van toepassing is op die vraag.
 5. Jy word aangemoedig om sketskaarte, diagramme en ander verklarende tekeninge te gebruik om jou antwoord, waar van toepassing, te ondersteun.
 6. Let op die puntetoekenning.
 7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
 8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

VRAAG 1**GEÏNTEGREERDE VRAAG: DIE GEOGRAFIE VAN MALALANE EN MPUMALANGA**


Lees die feitelêer en die liggingskaart om inligting oor Malalane te bekom.

Feitelêer

- Die skilderagtige dorpie van Malalane is op die oewer van die Krokodilrivier geleë.
- Hierdie ligging verleen maklike toegang tot die Nasionale Krugerwildtuin deur die Malalanehek.
- Bo en behalwe die inkomste wat gegenereer word deur toerisme is die florerende suikerriet- en tropiese vrugteboerderye die lewensaar van die gemeenskap.
- Wildlodges en klein privaat wildsreservate is verspreid aan die buitewyke van die dorp.
- Groot Suid-Afrikaanse kettingwinkels het takke in Malalane geopen.

Liggingskaart**1.1 Vaardighede in en interpretasie van klimaat**

Bestudeer Figuur 1 wat inligting oor die klimaat van Malalane gee.

Figuur 1 – Klimaatinligting

[Bron: <climate-data.org>]

Voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord te kies uit die gegewe moontlikhede. Skryf die nommer van die vraag en die letter van die antwoord wat jy kies neer, bv.: 1.1.0 A.

1.1.1 Die klimaatstreek van Malalane kan beskryf word as ...

- A kontinentaal.
- B maritiem.
- C Mediterreens.
- D kus.

(1)

1.1.2 Die gemiddelde jaarlikse reënval is ...

- A 9 mm.
- B 60 mm.
- C 135 mm.
- D 716 mm.

(1)

1.1.3 Die seisoenale gemiddelde temperatuurspeling vir Malalane is ...

- A 1 °C.
- B 9,1 °C.
- C 16,4 °C.
- D 25 °C.

(1)

1.1.4 Die gemiddelde jaarlikse temperatuur van Malalane is ...

- A 8,9 °C.
- B 16,5 °C.
- C 22 °C.
- D 25,5 °C.

(1)

1.2 Subtropiese antisyklone en verwante weerstoestande

Bestudeer Figuur 2, 'n waarskuwing van erge donderstorms in die omgewing van Malalane wat getwiet is deur SA Weerdiens.

Figuur 2 – Twiet deur SA Weerdiens




[<sawx.co.za>]

- 1.2.1 Noem die vernaamste weerstelsel wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van lyndonderstorms oor Suid-Afrika. (1)
- 1.2.2 Noem EEN ander gevaar wat nie in die twiet genoem is nie. (1)
- 1.2.3 Maak gebruik van 'n diagram om te verduidelik hoe lyndonderstorms oor die binneland van Suid-Afrika ontwikkel. (5)
- 1.2.4 Verduidelik waarom daar 'n breër band van wolke aan die oostekant van die vogfront voorkom (lyndonderstorms). (2)
- 1.2.5 Verduidelik waarom die weerstoestande wat met lyndonderstorms gepaardgaan, erger is as dié van geïsoleerde (normale) donderstorms. (2)

1.3 Valleiklimate

Bestudeer Figuur 3, die aangepaste beeld van Google Earth van die Malelane-streek in die Krokodilrivier-vallei.

Figuur 3 – Beeld op Google Earth




[Bron: Google Earth]

- 1.3.1 Malelane lê in 'n vallei langs die Krokodilrivier. Noem die wind wat gedurende die dag hier sal waai. (1)
- 1.3.2 Verduidelik waarom rook wat deur die suikerraffinadery vrygelaat word, in die vroeë oggend op 'n wolklose dag vasgevang word in die vallei. (2)
- 1.3.3 Gebruik 'n diagram om te verduidelik waarom die konsentrasies van besoedeling altyd hoër oor die binneland van Suid-Afrika sal wees gedurende die winter. (6)

1.4 Opvanggebied en bestuur van 'n rivier

Bestudeer Figuur 4, die lengteprofiel van die Krokodilrivier.

Figuur 4 – Lengteprofiel



[Bron: <www.ee.co.za>]

- 1.4.1 Kies die term(e) uit die blokkie hieronder om die beskrywings van die kenmerke wat op Figuur 4 voorkom, te voltooi. Skryf slegs die nommer van die vraag en die korrekte term neer, bv.: (h) stroomversnelling

gegradeerde; bo; tydelike; waterval; benede;
 verjonging; hoefystermeer; permanent;
 terugsnijdende erosie; ongegradeerde;
 laterale erosie; middel

- (a) Die stadium wat **A** benoem is, is die ... -loop. (1)
- (b) Die Kwenadam is 'n ... basisvlak van erosie. (1)
- (c) Die dam sal ... tot gevolg hê al met die rivierloop langs. (1)
- (d) Die Krokodilrivier het 'n ... profiel. (1)
- (e) In stadium **B** is die vernaamste erosie ... (1)
- (f) Die kenmerk wat 'n ... genoem word, sal heel waarskynlik in Stadium **C** gevind word. (1)

- 1.4.2 In watter stadium van die rivier sal die grootste volume water wees? Verduidelik jou antwoord. (3)

1.5 Opvanggebied en bestuur van 'n rivier

Lees die Feitelêer hieronder oor 'n ontwikkeling langs die Krokodilrivier naby Malalane.

Feitelêer

- Malalane Safari Resort Investments het voorgestel dat 'n 240-bed Safari Lodge met 'n 4-ster gradering in die Malalane omgewing van die Nasionale Krugerwildtuin – langs die Krokodil- en die Timfenheni-rivier – opgerig word.
- Die standplaas van die voorgestelde ontwikkeling is by die samevloeiing van die Timfenheni- en Krokodilriviere op die suidelike grens van, en binne, die Nasionale Krugerwildtuin.
- Die oppervlakwater naby die voorgestelde lodge bestaan uit die **rivieroewers** van beide die Timfenheni- en Krokodilrivier en die **vleilande op die vloedvlakte** (flood benches) in die **rivieroewers** van die Krokodilrivier.

[<www.sanparks.org>]

1.5.1 Definieer die volgende:

(a) *vleiland* (1)

(b) *waterskeiding* (1)

1.5.2 Beskryf TWEE voordele wat 'n *vleiland* vir 'n rivierstelsel inhou. (2)


1.5.3 Evalueer TWEE redes waarom hierdie ontwikkeling moet verseker dat die *oewersone* langs die rivier onderhou word. (4)

1.5.4 Analiseer DRIE negatiewe effekte wat menslike aktiwiteite op die opvangsgebiede van riviere in Suid-Afrika kan hê. (6)

1.6 Stedelike struktuur en patrone

Bestudeer Figuur 5, 'n Open Street Map-kaart van Malalane. Die nedersetting is afhanklik van die landbousektor en die handel met toeriste wat na en van die Nasionale Krugerwildtuin reis.

Figuur 5 – Kaart van die Malalane-nedersetting



[<www.openstreetmap.org>]

- 1.6.1 Noem die straatpatroon van **Malalane** en **Fish Eagle Bend**. (2)
- 1.6.2 Noem TWEE kenmerke wat die vorm en ontwikkeling van Malalane beïnvloed het. (2)
- 1.6.3 Verduidelik waarom meeste van die besighede langs die N4-hoofweg geleë is. (2)
- 1.6.4 Die gebou wat **D** benoem is, is 'n belangrike winkelsentrum wat die gebied van Malalane bedien.
 - (a) Definieer die terme:
 - (i) *ankerhuurder*
 - (ii) *kettingwinkel* (2)
 - (b) Analiseer waarom kleinhandel-kettingwinkels die faktore hieronder moet oorweeg wanneer hulle poog om die beste ligging vir 'n kleinhandelaar te vind.
 - (i) *reikafstand*
 - (ii) *drempelbevolking*
 - (iii) *markgebied* (6)


1.6.5 Sommige mense trek weg vanaf groter stedelike gebiede na klein landelike nedersettings toe. Stel TWEE verskillende redes voor waarom mense na landelike nedersettings, soos Malalane, toe sal trek.

(4)

1.7 Landbou

Malalane is een van die belangrikste suikerproduserende gebiede in Suid-Afrika. Bestudeer Figuur 6, 'n infografiek wat inligting oor die suikerindustrie in Suid-Afrika weergee.

Figuur 6 – Infografiek



[Bron: <apps.fas.usda.gov&SARS>]

1.7.1 Bereken die totale oes suikerriet versnipper vir 2019 / 2020 in MT per hektaar.

(2)

1.7.2 Verklaar die afname in die area wat geoes is tussen 2014 / 15 en 2016 / 17.

(2)

1.7.3 Noem TWEE van die vernaamste gebruike van suiker in Suid-Afrika.

(2)

1.7.4 Waar, anders as in Mpumalanga, word suikerriet in Suid-Afrika verbou?

(1)

1.7.5 Suid-Afrika het in 2018 suikerbelasting ingestel. Ondersoek TWEE moontlike gevolge wat dit vir die suikerindustrie ingehou het.

(4)

1.8 Landelike ontwikkelingstrategieë

Lees die volgende feitelêer oor die proses van grondhervorming in die Malalane-streek in Mpumalanga.

Suikermaatskappy sluit 'n suikersoet ooreenkoms met kleinskaalse boere van Malalane



[Bron: Eksaminator se foto]

- Verskeie suikerrietplantasies is deur **grondrestitusie** opgeëis. Sou hierdie grond onbewerk gelaat word of vir ander landboukundige doeleindes gebruik word, sal die potensiele verlies van suikerproduksie ernstige nagevolge inhou vir die **waardeketting** van suiker.
- Malalane is een van Suid-Afrika se grootste suikerproduserende streke.
- RCL Foods het grondrestitusie gesien as 'n geleentheid om beter gemeenskappe te bou.
- Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendomme (CPA) en RCL Foods het gesamentlike ondernemings begin. Elke entiteit besit 50% van die besigheid terwyl die grond gehuur word van die CPA.
- Een van die fokusse van die ooreenkoms is dat daar oordrag van bekwaamhede sal wees en daarom verkies ons om lede van die bevoordeelde gemeenskappe in diens te neem.
- Ons voorsien ondersteunende dienste soos landboukundige raadgewers, ingenieurs, **agronome**, finansiële spanne en menslike hulpbronne.
- **Volhoubaarheid** is die goue draadjie wat die hele proses saambind.

[Bron: *Farmer's Weekly*]

- 1.8.1 Pas die beskrywings in Kolom B by die terme in Kolom A. Skryf slegs die nommer en die letter wat ooreenstem met jou antwoord in jou antwoordboek neer, bv.: (f) H. (Al die terme in Kolom A is in vetdruk in die voorafgaande teks.)

Kolom A		Kolom B	
(a)	Grondrestitusie	A	Om die uitputting van natuurlike bronne te verhoed en sodoende die ekologiese balans te behou.
(b)	Waardeketting	B	Die kontakte en vloei van inligting en / of goedere tussen twee of meer nywerheidsektore of -firmas.
(c)	Volhoubaarheid	C	Die proses waardeur waarde tot 'n produk toegevoeg word. Dit sluit in produksie, bemarking en diensverskaffing ná die verkope.
(d)	Agronome	D	Die neem van private eiendom, teen die wense van die eienaars, en dit dan te gebruik tot voordeel van die algemene publiek.
		E	Om grond terug te besorg aan diegene wat dit verloor het gedurende apartheid as gevolg van praktyke van rassediskriminasie.
		F	Hulle werk ook om die kwaliteit van saad en die voedingswaarde van gewasse te verbeter.

(4)

- 1.8.2 Jou plaaslike regering het jou gevra om 'n verslag saam te stel oor die implimentering van 'n program van grondrestitusie wat op die gemeenskap gebaseer is – soos dié een tussen die gemeenskap in die omgewing van Malalane en RCL Foods.

- Omskryf die *voordele* van hierdie projek / vennootskap.
- Evalueer waarom grondhervorming in Suid-Afrika nodig is.
- Ondersoek die *nadele* van die huidige grondhervormingsproses in Suid-Afrika.
- Bespreek die ondersteuning wat die regering aan die mense kan gee nadat hervorming plaasgevind het en hulle op die grond gevestig is.

Nota: Jy mag enige voorbeelde wat jy bestudeer het, gebruik om jou bespreking te ondersteun. Gebruik die rubriek op die volgende bladsy om jou verslag te beplan en te struktureer.


KRITERIA	PUNTE
Skryfvaardighede <ul style="list-style-type: none"> • Neem struktuur en aanbieding in ag • Gebruik kort inleiding en slotsom. • Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. 	4
Inhoudskennis <ul style="list-style-type: none"> • Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe. • Hou by onderwerp en onderopskrifte 	12
Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip <ul style="list-style-type: none"> • Die vermoë om die onderwerp te analiseer en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer. • Verwysing na gevallestudiemateriaal / feitelêer / bronne materiaal wat gegee is. • Indien toepaslik, moet verwys word na bekende / plaaslike of ander voorbeelde. 	4

100 punte

VRAAG 2 KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE**2.1 Subtropiese antisiklone en verwante weerstoestande**

Bestudeer Figuur 7, 'n sinoptiese weerkaart met 'n uittreksel van 'n middel-breedtesikloon.

Figuur 7 – Sinoptiese weerkaart



Bestudeer die byskrifte op die sinoptiese kaart en kies die woord(e) in hakies wat die stellings WAAR sal maak, byvoorbeeld: 2.1.0 herfs.

- 2.1.1 Drukstelsel **E** is oor die (Indiese / Atlantiese / Arktiese) Oseaan. (1)
- 2.1.2 Hierdie sinoptiese kaart stel toestande voor in die (lente / somer / winter). (1)
- 2.1.3 Die stelsel wat **F** benoem is, staan bekend as die (Suid-Atlantiese / Suid-Indiese / binnelandse) antisikloon. (1)
- 2.1.4 Die weer wat met drukstel **F** geassosieer word, is (stabiel / onstabiel / wisselend). (1)
- 2.1.5 Die lug by weerstelsel **G** beweeg in 'n (antikloksgewyse / kloksgewyse / afwaartse) rigting. (1)
- 2.1.6 Die wind wat gewoonlik met laagdruk by **G** geassosieer word, is 'n (katabatiese / berg- / anabatiese) wind. (1)

2.2 Middelbreedtesiklone

Bestudeer die middelbreedtesikloon wat **H** benoem is en die uittreksel van die sinoptiese kaart wat uitgelig is (Figuur 7).

2.2.1 Verduidelik waarom warm fronte (**I**) selde die weer van Suid-Afrika beïnvloed. (1)


2.2.2 Brei uit op hoe dit moontlik is dat 'n warmfront-okklusie kan ontwikkel as die volgende stadium in die ontwikkeling van hierdie middelbreedtesikloon. (2)

2.2.3 Teken 'n dwarsdeursnit van die warmfront-okklusie van **J** na **K**. (5)

2.3 Tropiese siklone

Bestudeer die kaart hieronder wat die pad sowel as intensiteit van Tropiese Sikloon Kenneth in April 2019 wys.

Figuur 8 – Tropiese sikloon Kenneth



[Bron: <reliefweb.int>]

Beantwoord die volgende vrae deur die korrekte term in elke vraag te kies. Skryf die nommer van die vraag en die letter wat ooreenstem met jou keuse, neer, byvoorbeeld: 2.3.0 A.

2.3.1 Hoeveel tropiese siklone was daar voor Kenneth in 2019?

- A 9
- B 10
- C 11
- D 12

(1)

2.3.2 Waarom neem die intensiteit van die storm af soos wat dit oor die land beweeg?

- A Die water is te koel.
- B Die voggehalte van die lug neem toe.
- C Die wind verander van rigting.
- D Die bron van vog nie teenwoordig en verlies aan wrywing. (1)

2.3.3 Die Mosambiekkanaal is die ideale plek vir die ontwikkeling van tropiese siklone as gevolg van die ...

- A warm water aan die ooskus.
- B koue seestroom.
- C ITKS.
- D Die tropiese winde. (1)

2.3.4 Wat veroorsaak die vorming van die gevaarlike kwadrant / semi-sirkel?

- A Wind beweeg in dieselfde rigting as wat die storm beweeg.
- B Windskuifspanning in die vorteks.
- C Die rigtings van die straalstroom hoog bo in die atmosfeer.
- D Lug se beweging rondom die laagdruk. (1)


2.3.5 Watter van die volgende toestande kom in die middelpunt of oog van die storm voor?

- A sterk winde
- B swaar reën
- C onbewolk en kalm
- D lae temperature (1)

2.4 Stedelike klimate

Verwys na Foto 1 wat die teenwoordigheid van besoedeling oor die Sandton SSK toon.

Foto 1 – Foto van besoedeling




[Bron: eksaminator se foto]

- 2.4.1 Identifiseer die deel van die stad waar die hoogste temperature voorkom. (1)
- 2.4.2 Lys TWEE oorsake van die *stedelike hitte-eiland*. (2)
- 2.4.3 Verduidelik waarom daar 'n *besoedelingskoepel* oor die meeste groot stede voorkom. (1)
- 2.4.4 Stel TWEE maatreëls voor wat geneem kan word om die impak van 'n besoedelingskoepel te verminder. (2)

2.5 Fluviale prosesse

Ten tye van jou studie van 'n rivier in 'n stedelike gebied maak jy inligting oor die afloop van die rivier bymekaar en skryf dit neer. Jy gebruik hierdie inligting om 'n grafiek te teken met behulp van Excel (Figuur 9).

Figuur 9 – Hidrogram



2.5.1 Kies die korrekte woorde wat pas by die stellings wat betrekking het op die hidrogram in Figuur 9. Skryf slegs die nommer van die vraag en die ooreenstemmende woord neer, byvoorbeeld: (e) rivier.


stygende been	vloedpiek	kumek	millimeter
piek van reënval	dalende been	basisvloei	

- (a) Die eenheid waarin die afloop van 'n rivier uitgedruk word, is ... (1)
- (b) Reënval op die hidrogram word gemeet in ... (1)
- (c) Die punt wanneer die reënval die hoogste is, staan bekend as ... (1)
- (d) Die punt waartydens die afloop toeneem staan bekend as ... (1)
- 2.5.2 Onderzoek TWEE faktore wat 'n stormhidrogram sal beïnvloed tydens 'n episode van reën. (2)
- 2.5.3 Verduidelik die verband wat bestaan tussen die hidrogram se vorm en die dreineerbekken se vorm. (2)

2.6 Fluviale kenmerke

Bestudeer die diagram van 'n tipiese rivierkronkel in Figuur 10 hieronder.

Figuur 10 – Rivierkronkel



2.6.1 Noem en beskryf EEN proses van erosie wat moontlik by **M** kan voorkom. (3)

2.6.2 Teken en benoem 'n dwarsdeursnit vanaf **L** tot **M** en wys die volgende:


- (a) die waarskynlike verskille in die diepte van die stroomkanaal
- (b) 'n glyhelling
- (c) 'n rivierkrans
- (d) rivierhang

(4)

2.7 Fluviale prosesse

Bestudeer Figuur 11 van 'n tipiese Hjulströmkurwe hieronder.

Figuur 11 – Hjulströmkurwe



[<researchgate.net>]

2.7.1 Bepaal die gemiddelde spoed waarteen afsetting van 'n ... sal geskied.

(a) 0,5 mm-gronddeeltjie. (1)

(b) 50 mm-klippie. (1)

2.7.2 Bestudeer die Hjulströmkurwe en verduidelik die verhouding tussen die spoed, neerlegging en erosie van deeltjies van verskillende groottes. (4)

2.7.3 Assesseer TWEE moontlike beperkinge van die Hjulströmkurwe. (4)

50 punte

**VRAAG 3 LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN
EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA****3.1 Nedersetting waar en vals**

Sê of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs die nommer van die vraag neer en dan of die stelling Waar of Vals is, byvoorbeeld 3.1.0 Vals.

- 3.1.1 'n Sentrale plek is enige nedersetting wat dienste en goedere aan die kleiner naburige nedersettings voorsien. (1)
- 3.1.2 'n Nedersetting wat sirkelvormig is, se vorm word meestal beïnvloed deur kenmerke soos paaie en / of riviere. (1)
- 3.1.3 Die proses waartydens sosiale groepe van een woongebied na 'n ander beweeg en wat dan tot veranderinge in die sosiale karakter van die residensiële gebiede lei, staan bekend as filtrasie. (1)
- 3.1.4 'n Droëpunte nedersetting is geleë waar die beskikbaarheid van water die grootste voordeel is in 'n gebied wat andersins droog is. (1)
- 3.1.5 Die oorgangsones is tussen die beboude en die landelike gebied en daar is gewoonlik kompetisie vir die gebruik van die grond. (1)

3.2 Landelike nedersetting

Bestudeer Foto 2 hieronder van 'n tipiese landelike nedersetting in KwaZulu-Natal.

Foto 2 – Landelike nedersetting



[Bron: Eksaminator se foto]

3.2.1 Kies die term(e) uit die opsies wat in hakies gegee word om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die nommer van die vraag en die ooreenstemmende term neer, byvoorbeeld: (d) megalopolis.

- (a) Hierdie nedersetting is 'n (geïsoleerde plaasopstal / gehuggie / dorp). (1)
- (b) Die fisiese faktor wat die keuse van 'n standplaas vir 'n nedersetting op hierdie plek bepaal het, is die (vlakte / rivier / vallei). (1)
- (c) Hierdie nedersetting is (enkelfunksioneel / multifunksioneel / vierfunksioneel). (1)


3.2.2 Noem EEN diens wat aan hierdie nedersetting gelewer word. (1)

3.2.3 Bespreek TWEE kwessies rakende dienslewering in 'n nedersetting soos die een in die foto. (4)

3.3 Stedelike nedersettingskwessies

Bestudeer die infografiek in Figuur 12 van die duurste woongebiede in Suid-Afrika.

Figuur 12 – Duurste woongebiede




[Bron: AfrAsia Bank and New World Wealth]

- 3.3.1 Omskryf TWEE faktore wat die waarde van grond kan beïnvloed. (2)
- 3.3.2 Voorspel TWEE stedelike probleme wat teen 2050 ernstige kwessies in Suid-Afrikaanse stede kan wees. (4)
- 3.3.3 Stel DRIE volhoubare strategieë voor om stedelike nedersettings wat uitbrei, te hanteer. (6)

3.4 Informele sektor

Bestudeer die infografiek in Figuur 13 wat die toestand van die informele sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie beskryf.

Figuur 13 – Infografiek



[Bron: <www.africancentreforcities.net>]

- 3.4.1 Verduidelik waarom die hoogste persentasie informele werkseleenthede in Limpopo voorkom. (2)
- 3.4.2 Stel TWEE redes voor waarom handeldryf 41% tot die informele sektor van die ekonomie bydra. (4)
- 3.4.3 Evalueer die belangrikheid van vroulike werkers in die informele sektor van die ekonomie. (4)
- 3.4.4 Bespreek TWEE maniere waarop informele handelaars toegerus kan word om 'n betekenisvolle bydrae te kan maak tot die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2)

3.5 Sekondêre en tersiêre sektore

Die infografiek in Figuur 14 hieronder sit die vername ontwikkeling rondom die Dube Handelshawe noord van die middel van Durban, uiteen.

Figure 14 – Dube Handelshawe



[Bron: <dubetradeport.mixed-reality.co.za>]

3.5.1 Definieer die volgende terme:

- (a) *agri-prosessering*. (1)
- (b) *groenveldontwikkeling (green fields development)*. (1)

3.5.2 Verduidelik waarom Suid-Afrika 'n groter inkomste sou kry deur landbouprodukte in verwerkte vorm uit te voer. (1)

3.5.3 Klassifiseer die ekonomiese sektor waaronder die Dube iConnect-sone val. (1)

3.5.4 Lys DRIE faktore wat nywerheidsontwikkeling in die KwaZulu-Natal-streek bevorder. (3)

3.5.5 Lys TWEE faktore wat in Figuur 14 gesien kan word, wat die ligging van die Dube Handelshawe bepaal het. (2)

3.5.6 Ondersoek die belangrikheid van die Dube Handelshawe vir die ekonomie van KwaZulu-Natal. (4)

50 punte

Totaal: 200 punte